



Saterdagoggend 9 Augustus het ek, Peet, Ralph en Andrew so 4 uur in pad geval Malawi toe.



**Bo:** Afhangende van die wisselkoers kan diesel in Malawi meer as R22 per liter kos. Voor ons oor die grens is het ons 'n ekstra dieseltenk in Mosambiek laat volmaak.

**Regs bo:** Twee van Malawi se oud studente het onlangs getrou. Op pad Mzuzu toe het ons hulle en hul besittings in Lilongwe gaan optel.

**Bo:** Met die geweldige swaar vrag het ons maar stadig gery. Dit het ons net meer as 24 uur geneem om die 960 km van Catandica tot by die kollege in Malawi af te lê. Gelukkig was daar baie hande om die volgende oggend te help aflaai.






Na die Julie inname is daar tans 76 studente by die kollege. Peet het die afgelope jaar waargeneem as hoof van die kollege. Saam met hom is Sarel en Lintie Pretorius wat volgende jaar in Januarie by Peet gaan oorneem. Daar is ongelukkig nie tans 'n gemeente wat verantwoordelikheid vir die kollege neem nie en is die kollege afhanklik van individuele bydraes om te funksioneer.

Maandag moes Peet en Sarel bank toe gaan en het ek so bietjie gehelp met die rywerk. Links het ons gaan hout optel wat in die kombuis gebruik word om die kos gaar te maak. Om te keer dat die mielies sleg word, word dit net gemaal soos benodig.






## Tanzanië.

Dinsdagoggend het ek, Peet, Ralf en Andrew die pad gevat Tanzanië toe. Om daar te kom, ry jy om die bopunt van die Malawi meer.
Ons het by Hakuna Matata gaan rus voor ons die res van die pad grens toe aangepak het. Die eienaar, Willie, is 'n Suid – Afrikaner wat jare gelede besluit het om die plekkie langs die meer te begin. Jy ervaar 'n rustige ontspanne atmosfeer by die oord.










Nadat ons deur die grenspos is het ons gery tot by 'n plek met die naam Makambako. Ons het seker so tienuur die aand daar aangkom en sommer by 'n vulstasie afgetrek en daar geslaap. Peet het in die kajuit geslaap en ek het saam met die twee manne van Malawi agter in die bakkie geslaap. Dit was maar taamlik ongemaklik en vroeg die volgende oggend het ons die laaste skof aangepak tot by Mlimba.

Tot op 'n punt was dit teerpad, maar toe draai ons af op 'n grondpad vir 140 km. Die hoogste punt wat ek op die GPS waargeneem het was hoër as 1900 meter bo seevlak. Die padoppervlakte was heel goed gewees maar weens die bergagtigheid het dit ons meer as 6 uur geneem om die afstand af te lê.
















Links bo: Hierdie was een van daardie uitsonderlike dae dat ons ligdag by ons bestemming aangekom het. Saam met Peet op die foto is Ralph en Andrew. Hulle gaan klasgee by die kollege. Ralph is besonder vaardig met sy hande en op 'n kollege is dit 'n groot bate as jy met jou hande kan werk.

Elf dae nadat ek saam met die Hoopstad span weggetrek het en meer as 3000 km gery het, kon ek uiteindelik die terrein met my eie oë sien.

## Doel van die uitreik Tanzanië toe.

Verlede jaar kon Peet hierdie stuk grond aan die buitewyke van Mlimba vir sowat R70 000 aankoop met die doel om daar 'n Bybelkollege te begin. Die probleem is dat die owerhede jou 'n jaar grasie gee om met die projek te begin. Die murasie op die foto is juis opgerig deur die vorige persoon wat die grond gekoop het, maar nie volhoubaar kon ontwikkel nie. Ons het tot einde Augustus tyd gehad om met die ontwikkeling van die kollege te begin.

Ons doel met die uitreik was om hierdie murasie in 'n klaskamer te omskep sodat daar aan die begin van 2015 reeds klasse vir studente van Mlimba aangebied kan word. Studente van ander dele in Tanzanië is ook welkom, maar hulle sal net vir hul eie verblyf moet sorg.



Die rede waarom ek saamgegaan het was deels om te help met praktiese werk, maar ook om bekend te raak met die situasie daar op die grond aangesien Peet die verantwoordelikheid vir die bou van die kollege aan my oorgegee het.

## Uitleg van terrein.


Wat die uitleg en ligging van die terrein betref, kon ons nie vir 'n beter plek gevra het om 'n kollege te bou nie.

Die geel gedeelte dui die posisie aan waar die kampus gebou gaan word. Dit is op 'n plato geleë, maar die gronde wat aan die kollege behoort strek wyer as die aangeduide gedeelte.

Van die kampus tot waar die eerste “besighede” begin is ongeveer 2,5 km. Dis is net naby genoeg om gou noodsaaklikhede aan te koop, maar ver genoeg om nie heeltemal deel te wees van die lawaaierige omgewing in die dorp nie.

Omdat die terrein op 'n hoogtetjie geleë is, is dit nie so warm daar nie. Daar is ook meestal 'n koelerige luggie wat vanuit die boomryke noorde waai, 'n voordeel wat ons nie sou gehad het op die vlakte nie.






A. Plato waar die kampus gebou moet word.
B. Deel van die kampus, maar loop af in die vallei en is nie geskik om die hoofgebou of hostelle op te bou nie.
C. Selfoon toring. (Serwituut)
D. Gebou waaruit die watertoevoer na die dorp beheer word. (Serwituut)
E. Deel van die plato, maar behoort aan 'n derde persoon.
F. Heuwel wat afloop in die vallei.

Die voorstelling hierbo het ten doel om min of meer die uitleg aan te dui van die kollege en veral van die gedeelte wat nie aan die kollege behoort nie.

Die enigste werkbare gebied om geboue op te rig is E en A. Die res is of beswaar met 'n serwituut of die helling is te skuins om baksteengeboue op te bou.

Al die geboue wat nodig is vir die kollege kan wel op A opgerig word, maar alles sal dan bietjie ingeprop moet word. As ons E kon bykry sal dit die uitleg van die kampus soveel makliker maak. Dit sal veral 'n goeie gedeelte bied om 'n sokkerveld op te maak.

Ons het kontak gemaak met die eienaar van die grond en hy is bereid om dit aan ons te verkoop teen 2,8 miljoen Tanzaniese sjillings. Teen 'n wisselkoers van 138,351 Sjillings vir een Rand werk dit uit op R20 238,36.

**Einde van Deel 2.**

Ek gee weer die bankbesonderhede van die Malawi kampus.

Naam van Rekening: Sola Scriptura Foundation.
ABSA Tjekrekening No: 4078 426 111
Algemene Takkode: 632005